

Perverklaar

Gedurende Desember 2010 en Januarie 2011 het die Noord-Kaapse provinsie erge reën gehad - wat oorstromings tot gevolg gehad het, wat erge verwoestig aan paaie aangerig het. Talle gemeenskappe was van groter dorpe afgesny.

Die Departement van Paaie en Openbare Werke het meer as 120 paaie geevalueer en die totale skade vir die provinsie is omtrent R 367 miljoen. Gedurende die vloede was die situasie so krities en ons moes dringend kontrakteurs aanstel om net die problem van gemeenskappe wat afgesny is te oorkom, soos: die volgende 5 pad herstel projekte:

TR 7301	Fraserburg	R 32 miljoen
MR 875	Kanoneiland	R 8.4 miljoen
TR 87	Askham /Rietfontein	R 3.6 miljoen
DR 3268	Perde-eiland	R 2.8 miljoen
TR 1605	Williston	R12.8 miljoen

In totaal is sowat R 59.6 miljoen bestee.

Tydens die vloede het dit duidelik geword dat die destydse dreining vir die wegloop van stormwater nie genoegsaam is nie. Water het langs die kante deur gesypel en die lae van die pad verswak wat gelei het tot krokodilkrake en paskouers wat meegee. Die vloede van Januarie 2011 het die Noord-Kaapse ekonomie (landbou bedryf en verskeie boerderye) 'n hewige knou gegee.

In die geval van die Perde-eiland pad wat naby aan die Oranjerivier geleë is, was plaasboere en die Perde-eiland gemeenskap van Kakemas en Marchand afgesny en kon hul nie voortgaan met hul daaglikse besigheidsaktiwiteite nie en plaasboere kon ook nie hul produksie na markte vervoer nie.

Die departement staar twee groot uitdagings in die gesig:

1. Ons het nogsteeds 'n lang pad om te gaan om die vloedskade te herstel, maar sonder die nodige befondsing van die Nasionale Tesourie sal dit nie moontlik wees nie.
2. Die departement het verlede jaar die paaie funksie vanaf die distriksmunisipaliteite oorgeneem, en erf boon-op dié agterstand. Hierdie besluit is deur LUR Dawid Rooi geneem om optimale benutting van fondse te verseker. Sodoende word geld in die paaie belê; en nie in salarisverhogings en alternatiewe dienste nie.

Vir meer inligting kontak:

Crystal Robertson
Woordvoerder van die departement
DEPARTEMENT VAN PAAIE EN OPENBARE WERKE
(T) 053 839 8139
(F) 053 839 2100